Moorde op boere op Malema se Facebook-blad 'opgedateer'

DANIËLLA DU PLOOY
Pretoria

'n Aanhanger van mnr. Julius Malema plaas "opdaterings" van moorde op boere op die leier van die ANC-jeugliga se Facebook-blad.

Een van hulle, Clearence Letlonkane, het die afgelope paar dae elke paar uur opdaterings geplaas van inligting oor boere wat op plase vermoor is, soos berig is op die nuuswebblad **News24**.

Een van dié inskrywings lui: "3 000 farmerz dead since '94 . . . we lost more people than that . . . we r far from being even . . . So kill da boer, kill da farmer."

In 'n ander inskrywing sê hy: "They kept the wealth of our land . . . the litte riches obtained is not mearly enough to be shared equaly amongst all of us . . . Hence it is that corruption persists . . . Crime will not rest until all that was stolen 4rm us is . . . all regained . . ."

Letlonkane skryf by een van sy plasings "agt mense is op plase in Limpopo vermoor sedert die begin van Februarie". Nadat hy daaroor uitgevra is, het hy die volgende kommentaar gelewer: "Ek het niemand doodgemaak nie, maar ek staan nie simpatiek teenoor dié wat vermoor is nie . . . *sue me for not shedding a tear*."

Malema is nie noodwendig die stigter van die blad of enigsins daarby betrokke nie. Mnr. Ernst Roets, nasionale voorsitter van AfriForum Jeug, het aangedui hulle gaan die Facebook-plasings gebruik as getuienis tydens die saak wat hulle vir haatspraak teen Malema in die gelykheidshof aanhangig gemaak het.

Mnr. Floyd Shivambu, woordvoerder van die ANC-jeugliga, kon nie gister vir kommentaar bereik word nie.

■ AfriForum Jeug reël ook 'n protesoptog teen Malema se optrede eerskomende Vrydag in Johannesburg. Volgens Roets is "dit nodig vir die publiek om openlik standpunt in te neem en te wys dat Malema en die jeugliga se optrede nie verder geduld kan word nie".

Tydens die optog gaan 'n griefskrif en 'n lys van meer as 1 600 plaasmoorde aan die ANC-jeugliga oorhandig word. Slagoffers en naasbestaandes van poriedenes gaan ook deelneem.

"Die beeld wat deur die optog geprojekteer gaan word, moet direk in teenstelling wees met die jeugliga en Malema se onverantwoordelike optrede," het Roets gesê.